*Acta Academica Supplementum 2004(1): 113-143*

*Roelf Reyneke*

# Deelnemende aksienavorsing as metode van gemeenskapsbemagtiging

Hierdie artikel verduidelik hoe deelnemende aksienavorsing benut kan word ten einde gemeenskappe te bemagtig. Daar word aandag geskenk aan die waarde van deelnemende aksienavorsing binne die welsynsveld asook die onderliggende waardes en aannames van die werkswyse. Aan die hand van voorbeelde word die aard en proses van deelnemende aksienavorsing verduidelik. Daar word aangetoon dat deelnemende aksienavorsing as 'n ontwikkelingstrategie benut kan word in gemeenskappe aangesien dit oor 'n baie sterk bemagtigingskomponent beskik.

## Participatory action research as a method of empowering communities

This article discusses how participatory action research may be used as a method of empowering communities. Attention is paid to the value of such research within the welfare context as well as to the underlying values and assumptions of the approach. Examples are provided to illustrate the characteristics and the process. It is shown that participatory action research may be used as a developmental strategy in communities since its empowerment component is very strong.

*Dr R P Reyneke, Dept Maatskaplike Werk, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300; E-pos: reynrp.hum@mail.uovs.ac.za*

Die noodsaak van ontwikkelingsprogramme vir gemeenskappe word in die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997: 15) se nasionale doelstellings vervat. Hierdie doelstellings fokus op die daarstelling van dienste wat gerig is op ontwikkeling, voorkoming en rehabilitasie. Ander sake wat hierby ingesluit word, is die daarstelling van fasiliteite en bestaansbeveiliging, met inbegrip van maatskaplike noodlenigingsprogramme en maatskaplikesorgprogramme. Die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) se hoofdoel is ook ontwikkelingsgerig deurdat die verbetering van alle Suid-Afrikaners se lewenskwaliteit beklemtoon word. Klem word verder geplaas op die voorkoming en vermindering van armoede wat veral in plattelandse gebiede in Suid-Afrika voorkom. Ten minste 11 miljoen uit die 17 miljoen Suid-Afrikaanse burgers wat onder die broodlyn leef, woon in plattelandse gebiede (ANC 1994: 14; Mabusela 1999: 32).

Om armoede die hoof te bied, is dit nodig dat die mens op alle vlakke van sy[1] bestaan ontwikkel moet word. Aandag moet dus geskenk word aan mense se basiese behoeftes soos byvoorbeeld kos, kleding, behuising, water en sanitasie. Die vermindering van ongeletterdheid, opvoeding en opleiding van kinders en volwassenes, beskerming van die omgewing, verbetering van gesondheidsdienste en die beskikbaarstelling van welsynsdienste behoort ook aandag te geniet. Ten einde aan bogenoemde behoeftes aandag te skenk, word daar binne die maatskaplike werkterrein hoofsaaklik gebruik gemaak van die gemeenskapswerkmetode. As een van die drie primêre metodes van maatskaplike werk, is hierdie metode daarop gerig om die mense te help om hulleself te help. In die proses word die mense in staat gestel om hulleself te ontwikkel en sodoende word hulle en die gemeenskap waarvan hulle deel is, bemagtig. Dit is 'n gelyklopende proses.

Die navorser is reeds vir die afgelope nege jaar aktief betrokke by die opleiding van studente in gemeenskapswerk, sowel as die inisiëring, beplanning en uitvoering van ontwikkelingsinisiatiewe in Bloem-

1 Ten einde die leesproses te bevorder, word daar in hierdie artikel net van manlike voornaamwoorde gebruik gemaak wanneer daar verwys word na geslag. Die manlike voornaamwoord sluit ook die vroulike voornaamwoord in.

fontein en die Vrystaatse platteland.[2] Tydens die navorser en studente (voorgraads tot op magistervlak) se dienslewering aan gemeenskappe, het dit by verskeie geleenthede gebeur dat projekte wat baie entoesiasties in die gemeenskappe begin is, om een of ander rede momentum verloor het en in sommige gevalle selfs doodgeloop het. Een van die redes hiervoor kan wees dat die gemeenskapsontwikkelingsmetode soos dit tans benut word, nie heeltemal geskik is vir die konteks waarin dit gebruik word nie. Die moontlikheid bestaan ook dat die metode nie korrek toegepas word nie. Daar moet moontlik gekyk word na 'n andersoortige gebruik van die metode of 'n ander benadering binne die konteks van dié metode.

Kotze & Kotze (1996: 5) noem dat alhoewel daar baie internasionale kennis tot die beskikking van ontwikkelaars in Suid-Afrika gestel word, dit nie werklik bygedra het tot die daarstelling van suksesvolle ontwikkelingsprojekte nie. Volgens bogenoemde skrywers, Schiele (1996: 284) en Harvey & Rauch (1997: 31) kan die rede hiervoor geleë wees in die feit dat die modelle wat benut word van Westerse oorsprong is en nie die andersoortige waardes van die Afrikakultuur in ag neem nie. Sommige navorsers (Malan 1996: 47; Swigonski 1996: 156) huldig die mening dat die kulturele waardes van spesifieke groepe benut behoort te word tydens die ontwikkeling van ontwikkelingsmodelle. Indien die konteks waarin die mense leef nie in ag geneem word nie, is dit nie moontlik om hulle probleme, behoeftes en wyses van probleemhantering volkome te verstaan nie. Dit gee dan daartoe aanleiding dat werkwyses wat benut word, nie vir die mense aanvaarbaar is nie. Laasgenoemde kan onder andere aanleiding gee tot 'n gebrek aan motivering en gevolglik swak vordering ten opsigte van ontwikkelingsprogramme. Deelnemende aksienavorsing stel as voorvereiste die werklikheid van die gemeenskap en 'n beskrywing van probleme en behoeftes deur die gemeenskap self. Dit is ook nie meer nodig om die gemeenskap se kultuur en wyse van probleemhantering volkome te verstaan nie, aangesien daar net 'n proses gefasiliteer word waar die gemeenskap in 'n posisie geplaas word waarin sy wyses van probleemhantering verder uitgebrei kan word.

2 Vir die doeleindes van hierdie artikel word die gemeenskappe nie geïdentifiseer nie aangesien dit blootstellend kan wees vir die mense woonagtig in die betrokke gemeenskappe.

Die proses van deelnemende aksienavorsing word dan nie meer hoofsaaklik as 'n navorsingsmodel benut nie, maar eerder as 'n ontwikkelingsmodel wat oorgedra kan word na maatskaplike werk en spesifiek die gemeenskapswerkmetode.

Gemeenskapswerk kan in verskillende kontekste realiseer. Weyers (2001: 9-14) is van mening dat daar vyf praktykmodelle in gemeenskapswerk is, naamlik: gemeenskapsontwikkeling, maatskaplike beplanning, gemeenskapsopvoeding, maatskaplike bemarking en maatskaplike aksie. Hierdie praktykmodelle verteenwoordig elk 'n unieke wyse waarop daar na gemeenskappe en die basiese oorsake van hulle probleme gekyk word. Verskillende wyses van dienslewering aan gemeenskappe word ook deur die praktykmodelle voorgehou. Deelnemende aksienavorsing word veral gebruik in gemeenskapsontwikkeling.

Die doel met die artikel is om 'n teoretiese oorsig van deelnemende aksienavorsing te gee binne die welsynsveld, asook te verduidelik hoe hierdie werkswyse benut kan word ten einde gemeenskappe vanuit 'n maatskaplike diensleweringsoogpunt te bemagtig. Ten einde die praktiese implementering van die metode te verduidelik word deelnemende aksienavorsing bespreek aan die hand van sekere eienskappe. Hierdie eienskappe word toegelig met voorbeelde soos dit in die praktyk gestalte gevind het. Daar word verder afsonderlik aandag geskenk aan die proses wat moontlik benut kan word deur die praktisyn. Die eienskappe en proses van deelnemende aksienavorsing word afsonderlik bespreek ter wille van leserbegrip.

## 2. Deelnemende aksienavorsing in die welsynsveld

Deelnemende aksienavorsing werk vanuit die aanname dat die agtergesteldes self betrokke moet wees by die hele navorsingsproses. Hulle moet betrokke wees by die ontwikkeling van navorsingsvrae, die daarstelling van navorsingsinstrumente, die insameling van inligting en die analisering van die versamelde data ten einde die kern van die probleem te verstaan (Nelson *et al* 1998: 88). Daar is nie werklik meer sprake daarvan dat die groep of gemeenskap objektief bestudeer word en sekere afleidings en aannames gemaak word op grond van die data wat ingesamel is nie. In hierdie benadering is die deelnemers die persone wat vanuit hulle subjektiewe perspektief hulle

probleme en behoeftes verwoord. Hulle begin dan self daaraan te werk. Die resultate van die navorsing behoort deel te vorm van die hele proses van bemagtiging (vgl Schurink 1998b:v10).

Hierdie tipe invalshoek plaas "navorsing" in die hande van gedepriveerde en gemarginaliseerde mense en help hulle om hulle lewens te verander. Dit beteken dat deelnemers betrokke is by die hele proses onderliggend aan die navorsingsprojek wat insluit opleiding, reflektering, navorsing en aksie (Paule 1999: 52). Hierdie navorsingsproses fokus nie net op navorsingsresultate nie, maar is veral gerig op aksie wat weer lei tot bemagtiging (vgl Jehong 1995: 333). Wat dit so waardevol maak, is dat die gemeenskap betrokke is by die hele proses en dat hulle vaardighede aanleer en later self verantwoordelikheid vir die inisiëring van verandering neem.

Volgens Van Rooyen & Gray (1995: 87) sowel as Braimoh (1995: 127) het die literatuur ten opsigte van deelnemende aksienavorsing eers in die 1970's begin verskyn. Vorme van deelnemende navorsing het ontstaan omdat die konvensionele navorsingstegnieke nie daarin geslaag het om die kwessies in die Derde Wêreld en die ontwikkelingskonteks effektief aan te spreek nie. Dit blyk ook dat baie van die fundamentele probleme wat deur die metode aangespreek word, reeds lank voor die 1970's bestaan het. Baie aspekte van deelnemende navorsing (soos dit ook bekendstaan) is reeds 'n geruime tyd lank 'n integrale deel van sosiale en politieke bewegings (Pather 1997: 67).

Die ontwikkeling van deelnemende navorsing in volwassene opleiding het ontstaan as gevolg van die behoefte aan 'n navorsingsbenadering wat prakties en effektief benutbaar sou wees in gemeenskappe wat gekenmerk word deur onderontwikkeling. Die bekende Paulo Freire se leringe oor bemagtiging en mensgesentreerde benaderings pas goed in binne die maatskaplikewerkteorie. Ander strominge wat 'n invloed gehad het op die ontwikkeling van deelnemende navorsing is onder andere dieptenavorsing deur antropoloë asook die benutting van aksienavorsing deur ontwikkelaars (Van Rooyen & Gray 1995: 88; Braimoh 1995: 127). Die waarde van hierdie benadering blyk veral binne onderontwikkelde gemeenskappe. Verder word 'n mensgesentreerde ontwikkelingsbenadering vooropgestel. Hierdié benadering lei tot bemagtiging soos deur die ondersoeker voorgestaan.

Die belangrikheid van deelnemende navorsing is ook daarin geleë dat die proses sowel as die resultate 'n onmiddellike en direkte voordeel vir die gemeenskap tot gevolg het. Dit is 'n opvoedkundige proses. Die gemeenskap wat oor die potensiaal beskik om plattelandse ontwikkeling te inisieer, word gemobiliseer deur te fokus op maatskaplike ontwikkeling. Ten einde mense bewus te maak van hulle probleme en behoeftes word geleentheid geskep vir dialoog tussen die navorser en die gemeenskap (Braimoh 1995: 127). Die navorser is die katalisator in die proses om die gemeenskap te lei tot die erkenning van hulle probleme en behoeftes. Tydens die bespreking van die gemeenskap se probleme word die navorser "deel" van die gemeenskap en ook in 'n mindere of meerdere mate 'n fasiliteerder van probleemoplossing.

Volgens Nelson *et al* (1998: 88) het Lewin ongeveer 50 jaar gelede voorgestel dat aksienavorsing in Noord-Amerika gedoen moet word. Hy was van mening dat die beste manier waarop kennis van sosiale sisteme ingesamel kan word, gepaard gaan met pogings om die gemeenskap te probeer verander. Aksienavorsing staan 'n proses voor waartydens die resultate van die navorsing as basis gebruik word om oor te gaan tot aksie. Tydens hierdie aksie word verdere verandering in die gemeenskap bewerkstellig. Dit blyk dat aksienavorsing ook baie nou aansluit by deelnemende navorsing, aangesien albei hierdie metodes daarop gerig is om verandering by die navorsingsobjek te bewerkstellig gedurende die inligtingsinsamelingsproses word.

Deelnemende aksienavorsing is in werklikheid 'n kombinasie van deelnemende navorsing en aksienavorsing. Vanuit die deelnemende benadering word daar gefokus op die wanbalans van mag sowel as die behoefte om agtergeblewe gemeenskappe agente te maak van hulle eie verandering. Aksienavorsing erken die waarde van die benutting van ander hulpbronne en belangegroepe, sowel as die benutting van navorsingsresultate vir die neem van besluite wat gerig is op intervensies in die gemeenskap. Nelson *et al* (1998: 885) kom dan ook tot die volgende gevolgtrekking oor deelnemende aksienavorsing:

> [it] is [a] research approach that consists of the maximum participation of stakeholders, those whose lives are affected by the problem under study, in the systematic collection and analysis of information for the purpose of taking action and making change.

Dit is duidelik dat hierdie metode van groot waarde kan wees in die Suid-Afrikaanse opset waar daar talle agtergeblewe gemeenskappe is.

Die huidige regering se daarstelling van beleid,[3] wat veral beoog dat gemeenskappe 'n aandeel moet hê in hul eie ontwikkeling, het ontwikkelaars in Suid-Afrika genoodsaak om anders te begin kyk na ontwikkeling. Maatskaplike werkers moes ook begin om nuwe beleid te formuleer wat daarop gerig is om meer doeltreffend diens te lewer aan individue, gesinne en gemeenskappe. Probleme in die welsynsveld soos onder andere dispariteite tussen gemeenskappe, fragmentasie van dienste, 'n gebrek aan deelname van mense aan besluitneming, oneffektiewe benaderings en 'n tekort aan volhoubare finansiële bronne het 'n verandering in welsynsdienste genoodsaak (Dept of Welfare 1996).

Maatskaplike werk is 'n professie wat daarop gerig is om intervensiestrategieë te ontwerp, te implementeer en te evalueer ten einde mense se maatskaplike funksionering te verbeter. Dit beteken dat daar veral gekonsentreer moet word op die integrering van teorie en praktyk sodat die effektiwiteit van dienslewering verhoog kan word (Rothman & Thomas 1994: 3; Schurink 1998a: 412). Ten einde as 'n ware professie gereken te word, is dit nodig dat kennis deur 'n aktiewe beredeneringsproses bruikbaar gemaak moet word vir effektiewe professionele dienslewering. Dit sal beteken dat die maatskaplike werker nie net 'n praktisyn nie, maar ook 'n navorser moet wees (Compton & Galaway 1989: 89; Sherman & Reid 1994). Binne die proses van gemeenskapswerk is dit noodsaaklik dat navorsing gedoen word ten einde die probleme, behoeftes en veral die kragte en potensiaal van die gemeenskap te bepaal.

Dit blyk voorts dat die ekologiese grondslag van deelnemende aksienavorsing ook 'n basis kan bied vir die ontwikkeling van kennis aangaande die integrasie van die teorie en navorsing van die maatskaplikewerkpraktyk. Hierdie metode kan maatskaplike werkers help om binne die konteks van die nuwe beleid van die regering programme daar te stel wat effektief en ontwikkelingsgerig is (Schurink 1998a: 413). In hierdie verband sê De Vos *et al* (1998: 19) ook dat "this important development in the field of social science research, is

3 Vgl die HOP (ANC 1994) en die *Witskrif vir Maatskaplike Welsyn* (1997).

of tremendous importance to future social science in South Africa". Deelnemende aksienavorsing is dus 'n metode wat waarskynlik in die toekoms baie meer benut sal word in maatskaplike werk en veral in maatskaplikewerknavorsing.

Rahman (1993: 115, 117) verwoord die kern van deelnemende aksienavorsing soos volg:

> In a given country with an oppressive social structure, organised struggle by the oppressed classes may bring down the prevailing social order. But unless the masses can take a leading role in re-building the society they will be liable to become subordinate again to some other social class or classes and lose the power to participate in the process of social reconstruction and development as full subjects [....] With the above perspective, field animation work to stimulate purposeful initiatives and struggles of oppressed classes, aiming at promoting the participation of these classes as builders of a new society, should focus not on promoting mass demands for delivery of 'basic needs' by others, but on what the masses can do for themselves in meeting these needs.

In die lig van bogenoemde is die betrokkenheid van mense by hulle eie ontwikkeling ten einde basiese behoeftes te bevredig uiters noodsaaklik. Die welsynsveld soos dit tans daar uitsien, noodsaak ontwikkeling. Hierdie ontwikkeling behoort egter van so 'n aard te wees dat gemeenskappe deel vorm van die totale ontwikkelingsproses. Hulle deelname is uiters noodsaaklik aangesien dit bemagtiging in die hand werk.

Dit beteken dus dat deelnemende aksienavorsing oor die onderliggende filosofie beskik om ontwikkeling en die bemagtiging van gemeenskappe in die hand te werk. Binne die welsynskonteks van Suid-Afrika, waar daar veral gefokus word op die aanspreek van basiese behoeftes, is hierdie 'n strategie wat met vrug benut kan word.

## 3. Onderliggende waardes en aannames van deelnemende aksienavorsing

Wanneer daar van deelnemende aksienavorsing gebruik gemaak word, is daar sprake van sekere onderliggende waardes en aannames. Die navorser behoort hiervan kennis te neem aangesien dit die basiese filosofie uitmaak van hierdie metodologie. Nelson *et al* (1998: 885-8) bespreek bemagtiging, ondersteunende verhoudings, sosiale veran-

dering en leer as 'n voortdurende proses en terselfdertyd die vier belangrikste waardes wat hierdie metode kenmerk.

### 3.1 Bemagtiging

Daar is heelwat skrywers wat dit beklemtoon dat die belangrikste doel van deelnemende aksienavorsing is om mense te bemagtig wat nie oor mag beskik nie, om hulle 'n stem te gee en om hulle keuses uit te brei (Nelson *et al* 1998: 885). Dit blyk ook dat bemagtiging in die konteks van ontwikkeling gesien word as daardie aksie wat daarop gerig is om groepe wat oor minder geleenthede beskik, te help om hulle potensiaal te identifiseer, en dit uit te brei en te ontwikkel.

Ten einde mense te bemagtig moet navorsers die vaardighede waaroor hulle beskik aan die gemeenskap oordra. Dit beteken dus dat die rol van 'n fasiliteerder ingeneem word en die navorser nie gesien word as 'n ekspert nie. Terselfdertyd behoort die gemeenskap op te staan en eienaarskap te aanvaar. Aangesien dit egter blyk dat maatskaplike werkers en gemeenskappe se denke steeds vasgevang is in die positivistiese denkraamwerk, neem dit gewoonlik 'n tyd voordat die verandering gemaak word (Nelson *et al* 1998: 886). Wanneer daar dan ook na die belangrikste eienskappe van deelnemende aksienavorsing gekyk word, staan die maak van keuses, deelname, inklusiwiteit en kommunikasie uit (Nelson *et al* 1998: 886; Schurink 1998b: 11-4). Die aspekte wat verband hou met die maak van keuses en deelname is gerig veral op bemagtiging.

Ten einde gemeenskappe met behulp van hierdie metode te bemagtig, behoort die navorser seker te maak dat die mag van besluitneming in die hande van die gemeenskap geplaas word sodat hulself besluite kan neem oor dit wat hulle raak. Hier kom die sogenaamde "bottom up"-benadering sowel as die humanitêre ontwikkelingsteorieë veral ter sprake. Dit beteken dan dat die gemeenskap die navorsing help doen. Sodoende word die mense op grondvlak die geleentheid gegun om hulle probleme en behoeftes bekend te maak. Hierdie proses lei tot bemagtiging aangesien die proses in die hande van die mense en nie die gemeenskapsontwikkelaar is nie. Laasgenoemde is slegs 'n fasiliteerder van die proses.

## 3.2 Ondersteunende verhoudings

In die vorige afdeling is genoem dat inklusiwiteit en kommunikasie van die belangrike karaktereienskappe van deelnemende aksienavorsing is. Dit beteken dat die verhoudings wat bestaan tussen die navorser en die kliënt baie belangrik is. Nelson *et al* (1998: 886) is ook van mening dat die bou van verhoudings tydens die benutting van hierdie metode baie belangrik is. Goeie onderlinge verhoudings lei daartoe dat die navorser beter geanker word aan die projek sowel as die mense wat deel vorm van die projek. Tydens die proses van verhoudingsbou help die navorser met die vestiging van verhoudings tussen onder andere die navorser en die gemeenskap en ook binne die gemeenskap. Wanneer daar samewerking plaasvind en goeie verhoudings gebou word, ontwikkel 'n dinamika wat van so 'n aard is dat dit samewerking bevorder en mense se lewens verryk.

In hierdie tipe navorsing word verhoudings gebou tussen die navorser en die gemeenskap wat nie in ander (positivistiese) navorsingsmetodes aanvaarbaar is nie aangesien dit objektiwiteit benadeel (Nelson *et al* 1998: 887). Wanneer daar dan van deelnemende aksienavorsing gebruik gemaak word, word die navorser deur middel van ondersteunende verhoudings deel van die sisteem wat bestudeer word. Die navorser is dan nie meer 'n objektiewe buitestander wat alles wat plaasvind waarneem en dokumenteer nie. In dié geval word die navorser so deel van die sisteem dat hy selfs 'n invloed daarop kan uitoefen. Betroubaarheid word ook verhoog aangesien die navorser kennis het van die interne werking van die gemeenskap. Myns insiens is die moontlikheid van hierdie metode om verandering te bewerkstellig en sodoende mense te bemagtig, sterk gesetel in die verhoudings wat met die deelnemers gevestig word. Wanneer die beginsels van maatskaplike werk en gemeenskapswerk dan hierby gevoeg word, kan daar daadwerklike bemagtiging plaasvind.

## 3.3 Maatskaplike verandering

Nelson *et al* (1998: 887) noem dat

> [p]articipatory action research focuses on useful knowledge, problem-solving and social change. It strives to integrate research and intervention so as to reduce the gap between knowledge and action. Participatory research emphasises mobilising oppressed people to create

> societal-level change. Defining their own reality heightens consciousness, and participants may then begin to challenge expert or dominant ideas and empowerment is fostered.

Tydens deelnemende aksienavorsing blyk dit dat daar gepoog word om verandering op maatskaplike vlak aan te bring. Wanneer mense begin wonder oor hulle realiteit en dit bevraagteken begin daar ontwikkeling plaasvind. Die navorser sal dus poog om 'n proses te fasiliteer waar die deelnemers anders kyk na hulle maatskaplike omgewing, sowel as hulle probleme. Die doel van hierdie navorsing is om mense anders te laat kyk na hulle probleme, sowel as die kragte en potensiaal in hulself en in hierdie proses so bemagtig te word dat hulle verantwoordelikheid neem vir hulle eie ontwikkeling. Wanneer laasgenoemde plaasvind, kan daar dan ook meer effektief aandag geskenk word aan die maatskaplike ontwikkeling van die groep of gemeenskap.

## 3.4 Leer as 'n voortdurende proses

Deelnemende aksienavorsing is simpatiek ingestel op deelnemers se behoeftes en persepsies. Kollektiewe bewusmaking ten opsigte van dit wat ondersoek word en voortdurende innovasie en vernuwing word vooropgestel. Navorsing was tradisioneel deduktief en fokus op hipotesetoetsing terwyl deelnemende aksienavorsing geneig is om induktief te wees (Nelson *et al* 1998: 888). Dit beteken dan dat daar tydens die navorsingsproses sekere afleidings gemaak en kennis gegenereer word. Hierdie bevindinge word dan deurentyd omskep in nuwe teorieë. Die navorsingsmetodologie is daarop ingestel om deurentyd nuwe gegewens ten opsigte van die ondersoekgroep daar te stel. Net soos die navorser deurentyd leer, leer die deelnemers ook. Hulle leer van hulself en deur gebruik te maak van innoverende metodes help die navorser die gemeenskap om meer kennis van hulself te verkry. In dié proses kry deelnemers ook die geleentheid om te leer deur te dóén (ervaringsleer). Wanneer hulle dan foute begaan, word dit benut as 'n leerproses. Hulle word ook gemotiveer om kanse te neem en te eksperimenteer met nuwe idees ten opsigte van hulle eie en hulle gemeenskap se ontwikkeling. Gemeenskapslede behoort dus baie sterk gemotiveer te word om van hul eie kennis en vaardighede gebruik te maak. Indien hulle idees nie werk nie, moet hulle probeer verstaan waarom dit nie werk nie (vgl Pather 1997: 68).

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die onderliggende waardes en aannames van deelnemende aksienavorsing bestaan uit bemagtiging, ondersteunende verhoudings, maatskaplike verandering en 'n voortdurende leerproses. Hiérdie filosofiese onderbou vorm die basis van die metode en sluit aan by die prosesdoelstellings van gemeenskapswerk.

## 4. Eienskappe van deelnemende aksienavorsing

Deelnemende aksienavorsing word in die literatuur gesien as 'n alternatiewe sisteem van kennisproduksie wat gerig is op mense se betrokkenheid ten opsigte van die vrae wat gevra sal word, wie die deelnemers sal wees, hoe die vrae gevra sal word, watter rol die betrokkenes sal speel in die insameling van data, hoe die data geïnterpreteer moet word, watter ontwikkelingsmodelle benut sal word en hoe daar geëvalueer moet word (Schurink 1998a: 414). Dit blyk dat deelnemende aksienavorsing nie net fokus op die insameling van inligting nie, maar oor die bemagtiging van die betrokkenes in die hele navorsingsproses. Deur van hierdie navorsingstrategie gebruik te maak, word daar binne hierdie artikel aandag geskenk aan die bemagtiging van mense.

Tydens die benutting van deelnemende aksienavorsing word daar gewoonlik van data-insamelingstegnieke gebruik gemaak wat deelnemende waarneming en diepte-ondervraging insluit. Die realiteit van die ondersoekgroep kan dan bepaal word wanneer die navorser sowel as die deelnemers aktief deel word van die navorsingsproses. Die deelnemers se unieke kennis van hulle gemeenskap en kultuur word ook aktief benut (Bartunek 1993: 1230; Schurink 1998a: 215). Strydom (1996: 125) sluit hierby aan wanneer hy noem dat daar gewerk word vanuit die fenomenologiese benadering deurdat daar gepoog word om die manifestasies van die werklikheid te begryp. Die navorser is van mening dat wanneer hierdie benadering gevolg word, dit help met kapasiteitsbou van die gemeenskap en dat dit 'n proses van bemagtiging aktiveer. Die gemeenskap ontwikkel 'n beter selfbeeld, selfvertroue en besluitneming wat daartoe aanleiding gee dat 'n proses van bemagtiging in werking gestel word.

Ek is die afgelope ses jaar betrokke by ontwikkelingsgerigte dienste in verskeie gemeenskappe in die Vrystaat. Hierdie plattelandse dorpies bestaan hoofsaaklik uit swart en kleurling inwoners. Die bevolking in die gemeenskappe wissel tussen ongeveer 3000 tot 10 000 persone. Die gemeenskappe bestaan grootliks uit ouer persone (bo 40 jaar) en jonger skoolgaande kinders. Die rede hiervoor is dat baie van die jong volwasse persone in die groter sentra werksaam is.

Die volgende belangrike eienskappe word toegeken aan deelnemende aksienavorsing en word bespreek aan die hand van die ervaring in die genoemde gemeenskappe.

## 4.1 Selfontwikkeling en bestuur

Die basiese ideologie van deelnemende aksienavorsing is dat

> self-conscious people, those who are currently poor and oppressed, will progressively transform their environment by their own praxis. In this process others, external change agents, may play a catalistic and supportive role, but will not dominate (Rahman 1993: 13).

Die beginsel van selfontwikkeling en -bestuur word dus vooropgestel. Dit beteken ook dat die gemeenskap hulself moet ontwikkel. Die navorser is slegs 'n katalisator en soms 'n opleier binne die proses van ontwikkeling (vgl Greenwood *et al* 1993: 177; Van Vlaenderen & Nkwinti 1993: 214; Schurink 1998a: 415).

Ek het tydens werkswinkels in gemeenskappe die rol van katalisator gespeel deurdat tegnieke benut is wat die mense aan die dink gesit het oor hulle eie gemeenskap. Op grond van die terugvoer wat ontvang is uit die gemeenskappe blyk dit dat daar, na afloop van die werkswinkels heelwat aksies binne die gemeenskappe ontstaan het wat gerig is op ontwikkeling. Hierdie aksies het onder andere ingesluit die begin van werkskeppingsprojekte en onderlinge ondersteuning aan bejaardes en persone wat MIV-positief is. Alhoewel ek tydens die werkswinkels nie opgetree het as 'n formele opleier nie, is daar tog ook hieraan aandag geskenk deurdat die mense bewus geraak is van hulle omstandighede. Na afloop van die werkswinkels is daar ook begin met die opleiding van leiersgroepe.

## 4.2 Kollektiewe refleksie en bewusmaking

Navorsing word nie deur die deelnemende aksienavorser onderneem met die uitsluitlike doel om kennis te verwerf nie. Die doel is hoofsaaklik om 'n proses van kollektiewe refleksie en bewusmaking te begin wat daarop gerig is om die gemeenskap te motiveer om hulle ervarings, persepsies en gedagtes met mekaar te deel en in die proses hulself te mobiliseer om oor te gaan tot transformasie, rekonstruksie en volhoubare ontwikkeling. Die benutting van eie kennis en hulpbronne kan in die verband van groot waarde wees (Van Vlaenderen & Nkwinti 1993: 213; Burkey 1998: 61; Schurink 1998a: 415).

Die navorsing vir hierdie artikel is gebruik in werskwinkels en ander aksies, soos onder andere kursusse en avontuurkampe met die doel om te bemagtig. Die gemeenskap as 'n geheel en die jeug as groepe in die gemeenskappe is gehelp om meer bewus te raak van hulle gemeenskappe. Aandag is ook geskenk aan die rol wat hulle kan speel in die ontwikkeling van hulself en hulle onderskeie omgewings. Motivering van die mense het deurentyd baie aandag geniet vanweë die feit dat die navorser van mening is dat dié mense in 'n mindere of meerdere mate die slagoffers is van aangeleerde hulpeloosheid. Payne (1991: 233) verduidelik dat die teorie van aangeleerde hulpeloosheid gebaseer is op eksperimente wat gedoen is op mense en diere. Dié navorsing het uitgewys dat wanneer mense ervaar dat wat hulle doen geen invloed het op dit wat met hulle gebeur nie, die verwagting geskep word dat ongeag wat hulle doen, dit geen effek sal hê nie. Hulle vermoë om benutbare gedrag in ander situasies aan te leer, word hierdeur gekniehalter. Dit lei daartoe dat mense motivering verloor, angstig raak, depressief voel en nie meer vir hulself kan dink nie. Hulle vermoë om te leer word ook nadelig beïnvloed. 'n Gevoel van magteloosheid word dus ervaar. Persone wat reeds baie jare 'n gevoel van magteloosheid ervaar, het grootliks te kampe met aangeleerde hulpeloosheid. Om hierdie probleem aan te spreek, behoort omgewingsverryking, wat lewensvaardigheidsontwikkeling insluit, aandag te geniet. Indien die mense in 'n situasie geplaas word waar hulle beheer het en sukses bereik, kan die gedrag afgeleer word. Tydens die proses kan daar 'n verhoging in motiveringsvlakke plaasvind, wat kan lei tot 'n verandering in houding en gedrag. Dit kan ook help met die daarstelling van volhoubare ontwikkeling. As voor-

beeld kan genoem word dat daar in 'n bepaalde gemeenskap gesukkel is om die mense te kry om oor te gaan tot aksie. Hulle motivering was oor die algemeen laag en dit was duidelik dat hulle gevoelens van magteloosheid ervaar. Aangesien die ontwikkelaars tydens die dienslewering aan die gemeenskap 'n baie aktiewe rol gespeel het in die beplanning en uitvoering van projekte, het die gemeenskap hulle dit laat welgeval. Hulle het dus net meer passief geraak omdat die studente betrokke by die projekte grootliks die ontwikkelingswerk gedoen het. Toe daar later gepoog is om oor te gaan na die metodologie van deelnemende aksienavorsing kon hulle geensins gemotiveer word om daaraan deel te neem nie. Hulle is waarskynlik deur die goeie intensies van die ontwikkelingsaksies benadeel en verder ontmagtig.

## 4.3 Praktiese probleemoplossing en verhoging van lewenskwaliteit

Gemeenskapsnavorsing moet myns insiens gerig wees op praktiese probleemoplossing en die verbetering van die lewenskwaliteit van deelnemers. Tydens hierdie proses van praktiese probleemoplossing is dit belangrik dat leer sal plaasvind. Die navorser, sowel as die gemeenskap (navorsingsdeelnemers) vorm deel van die leerproses wat op 'n deurlopende basis plaasvind (Greenwood *et al* 1993:177; Schurink 1998a: 415).

Tydens die werkswinkels wat deel gevorm het van die proses van deelnemende aksienavorsing is daar nie as gevolg van tydsdruk spesifiek klem gelê op praktiese probleemoplossing nie. Die professionele persone en studente verantwoordelik vir die fasilitering van ontwikkeling in die gemeenskappe hanteer egter praktiese probleme op 'n daaglikse basis in die projekte wat reeds aan die gang is. Die mening word egter gehandhaaf dat dit tydens werkswinkels in die onderskeie gemeenskappe aandag behoort te geniet omdat die totale gemeenskap dan betrokke is. Aangesien die gemeenskappe weekliks leiding ontvang in die oplossing van hulle probleme en die uitgangspunt gehandhaaf word dat hulself die kenners is van hul probleme en dus in die beste posisie is om dit self op te los, blyk dit dat daar voortdurend leer plaasvind. Die mense leer uit hulle foute wanneer dit met hulle bespreek word.

By een van die eerste gemeenskappe waarby studente betrokke was, is spesifiek aandag geskenk aan probleemoplossing. Die betrokkenes by die verskillende projekte was egter nie so direk betrokke by die oplossing van die probleme nie. Alhoewel hulle insette gevra is, was dit uiteindelik die maatskaplike werkers wat gesorg het vir die praktiese hulp soos die maak van stene, die kontak van donateurs en die opstel van begrotings. Die gemeenskap het dus nie 'n geleentheid gekry om foute te maak en daaruit te leer nie. Gedurende dienslewering in ander gemeenskappe is daar egter gesorg dat die mense betrokke was by die hele probleemoplossingsproses. Hulle is selfs na Johannesburg geneem om met borge te onderhandel en borgskappe te ontvang. Hulle kon dus leer uit hulle foute en in die proses het enkele individue in die gemeenskap se selfbeeld baie verbeter.

## 4.4 Mobilisasie van interne hulpbronne

Die vertrekpunt van die gemeenskapsnavorsing moet die mobilisasie van interne hulpbronne van die groep, naamlik waardes, kultuur, vaardighede, kennis en ervarings wees (Schurink 1998a: 415). Hieraan is veral aandag geskenk gedurende die kursusse in lewensvaardighede. Al aspek waaraan daar gedurende kursusse nie pertinent aandag geskenk is nie, is kultuur. Daar is wel hieraan aandag geskenk tydens projekte. In een van die gemeenskappe is daar tans jeugdiges wat kulturele danse doen en hierdie groep het reeds op verskeie plekke in die Vrystaat deelgeneem aan openbare optredes.

## 4.5 Aktiewe betrokkenheid van alle belangegroepe

Nadat konsensus verkry is oor die probleem moet die omgewing ondersteunend wees met betrekking tot alle belangegroepe wat aandag gee aan die besondere probleem (byvoorbeeld straatkinders). Aktiewe betrokkenheid van almal is noodsaaklik, veral in die besluitnemingsproses (Schurink 1998a: 415).

Gedurende die eerste werkswinkels is alle moontlike belangegroepe na die geleentheid uitgenooi. Dit het onder andere ingesluit die plaaslike rade, welsynsorganisasies, rekreasiegroepe, kerkgroepe, die polisie en polisieforums, politieke partye, werkskeppingsprojekte en die breë gemeenskap. Gedurende ontwikkelingsinisiatiewe in die gemeenskappe vind daar ook konsultering plaas met die provinsiale

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Ongelukkig is die werkswinkels nie deur alle belanghebbendes bygewoon nie, wat dit soms moeilik gemaak het om die gemeenskap as 'n eenheid te laat saamwerk. So was daar byvoorbeeld tydens 'n werkswinkel in een van die gemeenskappe onderlinge spanning omdat die plaaslike ANC-tak nie volgens die gemeenskapslede se mening betrokke genoeg is by besluitneming rakende ontwikkelingsaksies nie. In die gemeenskap word dié besluite geneem deur die plaaslike ontwikkelingsforum. Die persone wat op hierdie forum sitting het, is nie almal ondersteuners van die ANC nie. In die ander gemeenskappe was daar nie onderlinge spanning te bespeur nie, wat die proses waarskynlik makliker laat verloop het.

## 4.6 Onderlinge vertroue en respek

'n Atmosfeer van onderlinge vertroue en respek tussen die belanghebbendes moet deur die navorser bevorder word (Schurink 1998a: 415). Dit vereis dat die navorser moet deel word van die aktiwiteite van die gemeenskap. Strydom (1996: 125) handhaaf die mening dat wanneer die navorser deel word van die groep of gemeenskap tydens die navorsingsproses, hulle in werklikheid vergeet dat hy/sy nie deel van hulle is nie. Dit raak dan makliker om die mense te bestudeer en werklik "onder hulle vel" in te kom.

Die navorser het dít veral probeer regkry tydens die kursusse en avontuurkampe met jeugdiges van die onderskeie gemeenskappe. Juis daarom is alles saam met die kinders gedoen. Daar is ook onder andere in tente geslaap, saam met die kinders geswem, speletjies gespeel en geëet. Die navorser was tot 'n groot mate deel van die onderskeie gemeenskappe. In een van die gemeenskappe was daar reeds vir ses jaar op 'n weeklikse basis in die gemeenskap gewerk en baie van die projekte wat al voltooi is, soos byvoorbeeld die bou van die meerdoelige sentrum, is saam met die mense gedoen. Die navorser het as gevolg van 'n navorsingsprojek vir 'n aantal weke nie die gemeenskap besoek nie. Die personeel van die sentrum is daarvan in kennis gestel waarna een van hulle opgemerk het: "Ons sal verlang vir Meneer".

## 4.7 Gemeenskapsonafhanklikheid

Daar moet wegbeweeg word van die gemeenskapsafhanklikheidsmodel waar alles vir die gemeenskap gedoen word na 'n model wat gerig is op die bemagtiging van die gemeenskap: hulle moet vir hulself dinge begin doen (Van Vlaenderen & Nkwinti 1993: 215; Schurink 1998a: 416).

As gevolg van geïdentifiseerde tekortkominge in die oorspronklike benadering wat gevolg is in gemeenskappe is daar besluit om oor te gaan na hierdie bemagtigingsmodel (wat gegrond is op deelnemende aksienavorsing). Daar is byvoorbeeld besluit dat wanneer geld van 'n donateur ontvang word, 'n teenprestasie gelewer moet word. Dit kan byvoorbeeld beteken dat die jeug eers in die tuin by die maatskaplike werkers se kantore moet kom werk voordat geld aan hulle beskikbaar gestel word vir jeugdagreëlings, of dat geld vir projekte beskikbaar gestel word, maar terugbetaalbaar is oor 'n spesifieke tydperk. Hierdie werkswyse het die mense verantwoordelikheid laat begin neem vir wat hulle met die geld doen. Vermorsing is ook so in 'n groot mate bekamp. 'n Punt is daarvan gemaak om nie alles vir die gemeenskap te doen nie. Waar daar in die verlede byvoorbeeld vir hulle 'n bankrekening oopgemaak sou word vir 'n projek, is die onus nou op hulle geplaas om dit self te doen. Indien hulle probleme ervaar, is die fasiliteerder daar om hulle van raad te bedien. Hulle moet egter self probeer om die taak af te handel en die probleme op te los.

## 4.8 Toeganklikheid van inligting, vaardighede en geleenthede

Deelnemers aan die navorsing behoort maklike toegang te hê tot inligting, vaardighede en geleenthede sodat deelname, selfbewustheid, selfrespek, eienaarskap, 'n gevoel van doelgerigtheid, die ontwikkeling van 'n nuwe denkwyse en gedrag, daargestel sal word wat dan selfvertroue sal bevorder (Schurink 1998a: 416).

Om toegang tot inligting in plattelandse gebiede te vergemaklik is nie altyd baie maklik nie. Dit stel soms baie hoë eise aan die maatskaplike werker. Ten einde hierdie probleem aan te spreek, is daar op 'n gereelde basis inligtingsvergaderings gehou en verskillende vorme van opleiding gegee. Een so 'n program vir die opleiding van mense

in basiese bestuur, wat onder andere insluit die skryf van notules, vergaderingsprosedure en hantering van konflik, is reeds baie suksesvol aangebied. Die mense is ook geleer hoe om met 'n rekenaar te werk. Die bejaardes wat deel uitgemaak het van een so 'n projek het die werk op die rekenaar baie geniet. Die persoon verantwoordelik vir die opleiding het genoem dat daar soms byna "gevegte" was oor wie se beurt dit was om op die rekenaar te werk. Hierdie opleiding en toegang tot ander inligting (byvoorbeeld gesinsgeweld, MIV/vigs, kindermishandeling en menseregte) het ook veroorsaak dat mense begin opstaan het vir hulle regte.

Daar het byvoorbeeld probleme in een van die gemeenskappe ontstaan toe twee skole saamgesmelt het en dit om verskeie redes gelei het tot konflik in die gemeenskap. Die ouers van kinders in dié gemeenskap was ontevrede omdat hulle van mening was dat hulle kinders benadeel is in die hele proses. Hulle het besluit om as 'n groep antwoorde te gaan soek by die bestuur van die skool. Toe laasgenoemde hulle nie goed genoeg kon antwoord nie, het hulle van hulle nuwe vaardighede gebruik gemaak en 'n brief geskryf aan die Minister van Onderwys. Hy het hulle navraag verwys na die provinsiale minister, maar het onderneem om van sy kant af te sorg dat hulle saak spoedig aandag sou geniet. Binne 'n paar dae was die saak afgehandel en besleg. Volgens persone in die wyer gemeenskap sou die mense nie so reageer het voordat hulle die opleiding gehad het nie. Die opleiding het dus daartoe gelei dat hulle probleme op 'n professionele, volwasse wyse hanteer het en nie oorgegaan het tot aksies soos byvoorbeeld geweld nie. Hierdie mense is deur die opleiding bemagtig en hul selfvertroue en motivering om iets aan hulle eie situasie te doen, het toegeneem.

## 4.9 Vennootskap

Die gemeenskap moet gesien word as gelyke vennote in die navorsingsproses. Die deelname van mense aan die navorsing maak die kwaliteit van die navorsing hoër (Greenwood *et al* 1993: 177; Schurink 1998a: 416).

Deelname van onderskeidelik die gemeenskap tydens die werkswinkels en die jeugdiges tydens die avontuurkampe was 'n groot prioriteit. Die werkwyses wat gevolg is, was daarop gerig om deel-

name te bevorder. Aangesien daar voldoende deelname was aan die besprekings, kan die afleiding gemaak word dat die kwaliteit van die gemeenskapsnavorsing hoog is.

## 4.10 Benutting van 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodologie

Die werklikheid is baie kompleks en daar is nie een metodologie se raamwerk wat die totale situasie kan hanteer. Juis daarom behoort die benutting van deelnemende kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes in die vorm van fokusgroepgesprekke, vraelyste, observasies, gesamentlike produksie van oudiovisuele produkte, gemeenskapsteater en feitesendings in te sluit. Hierdeur word triangulasie bevorder (Van Vlaenderen & Nkwinti 1993: 215; Schurink 1998a: 416).

In die navorsingsprojek in twee van die gemeenskappe is daar hoofsaaklik van kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak. Data is ingesamel deur middel van werkswinkels, observasies en persoonlike onderhoude. Vraelyste sou ook gebruik kon word om byvoorbeeld spesifieke probleme, soos die probleme van die jeug of van bejaardes, te bepaal. Hiérdie werkswyse kan gesien word as 'n kwantitatiewe navorsingsmetode. Laasgenoemde navorsingsmetodologie is hoofsaaklik in 'n ander gemeenskap benut deurdat vraelyste gebruik is om die gemeenskap se behoeftes te identifiseer. Dit is wel op gemeenskapsvergaderings bespreek, maar nie op dieselfde wyse as wat dit in die ander gemeenskappe gedoen is nie. Die maatskaplike werker het toe 'n algemene waardebepaling gemaak na aanleiding van die statistiese gegewens beskikbaar, waarna daar saam met die aksiekomitees oorgegaan is tot die identifisering en beplanning van projekte.

## 4.11 Inklusiwiteit

Gemeenskapsnavorsingsprojekte behoort inklusief te wees. Alle moontlike belangegroepe behoort deel te vorm van die projekte, naamlik staatsdepartemente, plaaslike regerings, plaaslike organisasies, nie-regeringsorganisasies en die besigheidsektor (Van Vlaenderen & Nkwinti 1993: 215; Schurink 1998a: 416).

Soos reeds genoem, was die werkswinkels die eerste stap in die proses van deelnemende aksienavorsing inklusief deurdat rolspelers soos die plaaslike regering, plaaslike organisasies en die besigheidsektor daarby betrokke was.

## 4.12 Die navorser se rol as fasiliteerder, medeleerder en spanbouer

Die navorser tree op as 'n fasiliteerder, medeleerder en spanbouer. Daar behoort dus konstante interaksie plaas te vind met die navorsingsdeelnemers sodat bevindinge bespreek en geverifieer kan word. Die navorser is dan betrokke en nie bloot 'n deskundige wat in beheer van die projek is nie (Van Vlaenderen & Nkwinti 1993: 213; Schurink 1998a: 416).

Dié betrokke navorser was deurentyd die fasiliteerder van die hele navorsingsproses. In sommige van die gemeenskappe is daar nie direkte betrokkenheid by ontwikkelingsprojekte nie. Die navorser was egter deel van die wyer bemagtigingsprojekte (deelnemende aksienavorsing). Dit maak dit makliker om net op te tree as 'n fasiliteerder. In een van die gemeenskappe waar die navorser baie meer direk betrokke is, is dit soms moeilik om net 'n fasiliteerder te wees. Een van die groot redes waarom dit so moeilik is, is omdat donateurs verwagtinge het aangaande projekte waaraan voldoen moet word. Soms kom projekte stadig aan die gang en die fasiliteerder begin later ook ander rolle vertolk in 'n poging om die proses vinniger te laat verloop. Dit lei dan soms daartoe dat die mense juis ontmagtig word omdat hulle nie die geleentheid kry om self take af te handel nie. Hierdie ervaring toon duidelik dat ontwikkelingswerkers moet seker maak dat die proses gefasiliteer word. Gedurende hierdie ontwikkelingsproses kan die fasiliteerder dan ook van die gemeenskap leer. Myns insiens is hierdie geleentheid as baie waardevol aangesien die kennis en insigte waartoe gekom word, baie help tydens die opleiding van studente in maatskaplike werk.

## 4.13 Generering van nuwe kennis

Tydens die pogings van die rolspelers om hulle maatskaplike probleme te oorkom, behoort die navorser oop te wees vir nuwe inligting en

idees wat kan lei tot die daarstelling van nuwe teorieë en werkwyses vir die praktyk (Schurink 1998a: 416).

Die navorser is nie net medenavorser saam met die gemeenskap met inagneming van hulle probleme en sterk punte nie, maar ook 'n navorser ten opsigte van die daarstelling van nuwe teorieë.

In die voorafgaande gedeelte is daar aandag geskenk aan die kenmerke van deelnemende aksienavorsing aan die hand van voorbeelde. Daar is telkens aangetoon hoe 'n spesifieke kenmerk beslag gevind het binne die parameters van verskillende gemeenskappe. Vervolgens sal daar oorgegaan word tot die bespreking van verskillende prosesse wat gevolg kan word tydens deelnemende aksienavorsing.

## 5. Proses van deelnemende aksienavorsing

Uit die literatuur blyk dit dat die proses van deelnemende aksienavorsing nog nie werklik duidelik uitgespel is nie. In dié verband noem Mulenga (1994: 16) dat daar ten opsigte van hierdie metodologie geen resep bestaan nie. Volgens bogenoemde skrywer kan die rede hiervoor geleë wees in die feit dat hierdie metode veral daarop konsentreer om die volgende kritiese vraagstukke aan te spreek:

- Die identifisering van die oorsprong van maatskaplike probleme deur die deelnemers.
- Die rolle wat hulle aanvaar tydens deelname binne die navorsingsproses.
- Die potensiaal van gemeenskapsmobilisasie.
- Die generering van kollektiewe kennis en leer.

Die afleiding kan gemaak word dat alhoewel daar verskillende werkwyses kan wees, dit belangrik is om veral by bogenoemde vraagstukke uit te kom. Wat ook in gedagte gehou moet word, is dat hier sprake is van 'n tipe kwalitatiewe navorsing wat nie kwantitatiewe navorsing uitsluit nie (vgl 4.10).

Gemeenskapsvergaderings word byvoorbeeld gesien as 'n belangrike meganisme wat benut kan word ten einde probleme te identifiseer, mense te mobiliseer, gegewens te ontrafel, te reflekteer oor projekte en die gemeenskap te lei tot die ontwikkeling van selfvertroue en selfwerksaamheid (Van Vlaenderen & Nkwinti 1993: 213; Reason

1994: 329; Schurink 1998a: 416). Tydens die gemeenskapswerkproses en spesifiek tydens die fase van die situasie-analise word daar ook van gemeenskapsvergaderings gebruik gemaak. Die doel hiervan is om die gemeenskap betrokke te kry by die identifisering van hulle eie probleme en behoeftes. Dit vorm dan ook die eerste stap in die mobilisering van die gemeenskap tot verdere aksie.

'n Verdere belangrike punt van gemeenskapsnavorsing is dat aksie en navorsing deel uitmaak van dieselfde proses. In dié verband noem Nelson *et al* (1998: 884) dat Levin 'n proses voorstel wat bestaan uit probleemidentifisering, inwin van feite, daarstelling van doelwitte, aksie en evaluasie. Gedurende hierdie proses word daar terselfdertyd probleme opgelos en nuwe kennis ingewin. Die maatskaplike werker wat hierdie metode volg tydens die inwin van kennis oor die ondersoekgroep, sal poog om hulle te help met die daarstelling van oplossings vir probleme. So 'n werker behoort slegs die proses te fasiliteer en nie die verantwoordelikheid vir die verandering te aanvaar nie.

Tydens deelnemende aksienavorsing kan daar gebruik gemaak word van kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe navorsingsmetodes. Dit wil voorkom asof die metodes wat gebruik word om inligting in te samel, geselekteer word op die basis van hulle potensiaal om op 'n kollektiewe wyse kennis te genereer (Van Rooyen & Gray 1995: 90). Deelnemende aksienavorsing maak dus ook gebruik van onortodokse navorsingstegnieke (bv fokusgroepbesprekings, gesamentlike produksie van oudiovisuele produkte, gemeenskapsteater, ens) wat daarop gerig is om mense direk betrokke te kry in elke stap van die navorsingsproses. Bogenoemde skrywers is verder van mening dat hierdie tipe navorsing 'n sistematiese probleemoplossingsbenadering is wat nie veel van die gemeenskapswerkproses verskil nie. Daar word dan drie fases geïdentifiseer, naamlik probleemidentifikasie, beplanning en implementering.

'n Ander proses wat gevolg kan word, is die een wat deur Rahman (1993: 79) voorgestel word. Hierdie proses bestaan uit die volgende stappe:

- Die gemeenskapsveranderingsagent[4] tree op as 'n katalisator en begin 'n intersektorale proses van gemeenskapsmobilisasie. Tydens hierdie fase is dit belangrik om daarop te let dat die nodige strukture daargestel word sodat dit vir die hele gemeenskap moontlik is om deel te neem. Die mense moet van die begin af die geleentheid gebied word om inspraak te lewer in dit wat hulle verander wil hê in hulle situasie, en hoe die gemeenskapsveranderingsagent hulle behulpsaam kan wees. Tydens hierdie fase word daar gewoonlik gebruik gemaak van gesprekke met gemeenskapsleiers en werkswinkels met gemeenskapslede.

  Tydens hierdie werkswinkels voorsien die gemeenskapsveranderingsagent inligting wat die gemeenskap sensitiseer ten opsigte van hulle situasie. Hulle word gemotiveer om hulle eie aksiestrukture tot stand te bring. Opleiding vind plaas waartydens die mense ingelig word aangaande hulle regte en vaardigheidsopleiding kan ook plaasvind. Die doel van hierdie werkswinkels is om die gemeenskap te motiveer om saam 'n analise te maak van die probleme wat in hulle gemeenskap voorkom en dan te besluit watter aksiestappe geneem kan word om dit aan te spreek. Die navorser is van mening dat lewensvaardigheidsopleiding veral baie doeltreffend kan wees tydens hierdie fase. Moontlike temas wat aangeraak kan word, is selfbeeldprobleme, alkohol- en dwelmafhanklikheid, gebrekkige kommunikasie, hantering van konflik, seksualiteit, streshantering, die konsep van die huwelik, ouerskapsvaardighede soos byvoorbeeld hoe om 'n goeie verhouding met jou kind te hê en verantwoordelikhede as ouer (Rothmund 1997: 2-3).

- Die betrokkenes word vervolgens gemotiveer om 'n volledige analise te maak van hulle gemeenskap deur byvoorbeeld 'n gemeenskapsprofiel op te stel, fokusgroepbesprekings te hou en individuele onderhoude te voer. Die take word met behulp van die gemeenskapsveranderingsagent uitgevoer. Hierdie persoon sal ook opleiding verskaf aan die gemeenskap oor hoe hulle te werk moet gaan om die navorsing te doen. Wetmore en Theron (1998:

4 Die gemeenskapsveranderingsagent is die persoon wat die navorsing in die gemeenskap sal fasiliteer.

43-4) noem onder andere die volgende metodes wat benut kan word tydens die insameling van data:

- Sekondêre bronne

  Byvoorbeeld lêers, verslae, artikels en boeke.
- Sleutelinformante

  Bepaal wie die kenners in die gemeenskap is ten opsigte van ver skillende aspekte van die gemeenskapslewe en besoek hulle vir inligting. Dit kan insluit verpleegkundiges, maatskaplike werkers en beplanners.
- Semi-gestruktureerde onderhoude

  Identifiseer sekere temas waaroor inligting verkry wil word en gesels met die mense oor die onderwerpe.
- Deelnemende kartering en modellering

  Benut onder andere die grond, vloer of papier om sketse te maak van die demografie, gesondheid en natuurlike hulpbronne. Modelle kan ook gemaak word van verskynsels in die gemeenskap.
- Deelnemende diagramme

  Mense maak hulle eie diagramme en dui hierop verhoudings en rangordes aan.
- Gemeenskapstoere

  Stap saam met gemeenskapslede deur die gemeenskap en observeer, vra vrae, luister, identifiseer tegnologie, probleme en moontlike oplossings.
- Tydlyne

  Chronologiese uiteensetting van gebeure, lys van groot gebeure in die gemeenskap met die datums daarvan.
- Stories en gevallestudies

  Dit kan onder andere benut word om die gemeenskap se geskiedenis te verken, profiele op te stel en oorsake van konflik te bepaal.

Hieruit is dit duidelik dat daar verskillende wyses is wat benut kan word om die gemeenskap betrokke te kry by die maak van 'n situasie-analise.

- Na afloop van die fase van dataversameling sal die gemeenskap gemotiveer word om krities te kyk na die resultate van die navorsing. Na aanleiding van hierdie data-analise sal daar dan oorgegaan word tot aksie. Aangesien daar intersektoraal gewerk word, sal die gemeenskap gemotiveer word om met besighede en die plaaslike regering saam te werk. Die gemeenskap moet ook gehelp word om hulle eie navorsingsverslag op te stel waarin daar melding

gemaak word van hulle eie ervarings tydens die insameling van die gegewens. Kultureel sensitiewe metodes om die ingesamelde inligting te verwerk, soos byvoorbeeld rolspel, danse, dramas en sang, moet aangemoedig word. 'n Video kan ook van die gemeenskap gemaak word en die gemeenskapslede behoort self te besluit wat in die video moet verskyn. Hulle tree dan ook self daarin op. Hierdie metodes kan dien as 'n motiveringsfaktor.

- Na afloop van die fase van data-analise kan die data tydens 'n werkswinkel ontleed en bespreek word. In samewerking met die veranderingsagent sal die gemeenskap dan 'n aksieplan saamstel oor hoe hulle die probleme gaan aanpak. Opleiding ten opsigte van hoe daar te werk gegaan kan word om goeie effektiewe beplanning te doen, kan deel uitmaak van hierdie fase.
- Die aksieplan behoort voortdurend, in samewerking met die veranderingsagent, geëvalueer en aangepas te word indien dit nodig blyk te wees. Daar behoort gesamentlik gekyk te word na die vordering wat in die gemeenskap plaasvind. Na aanleiding van die positiewe en negatiewe uitkomste van die deelnemende aksienavorsing behoort die gemeenskap ook toekomstige aksieplanne te formuleer.
- Voorts behoort gepoog te word om die gemeenskap se afhanklikheid van die veranderingsagent stadig maar seker te verminder. 'n Goeie idee is om die gemeenskap te motiveer om hulle vaardighede en insigte met ander gemeenskappe wat nog nie werklik vordering gemaak het op die ontwikkelingsveld nie te deel. Hierdie deel van kennis het 'n bemagtigingskomponent aangesien die oordraers van die inligting kan voel dat hulle kenners is. Ten einde seker te maak dat hulle kenners bly, kan dit gebeur dat hulle nog harder werk in hulle eie gemeenskap. Die groep wat op hulle beurt weer die inligting ontvang, sou kon oordeel dat indien 'n ander gemeenskap dit kan doen, hulle dit ook kan doen.

Hierdie proses maak dit duidelik dat die gemeenskapsfasiliteerder dit sy taak ag om die gemeenskap te lei op die pad van hulle eie ontwikkeling. Die verskil lê net daarin dat die gemeenskap self die navorsing oor hulle omgewing doen, self aksieplanne formuleer en dan ook self hierdie planne implementeer. Hoe noukeurig die aangeduide proses gevolg word, sal ook verskil van gemeenskap tot ge-

meenskap. Hierdie navorser is byvoorbeeld van mening dat dit ook baie effektief benut kan word met sekere groepe in die gemeenskap. Eie praktykervaring het uitgewys dat dit soms moeilik is om die hele gemeenskap te motiveer tot so 'n aksie. Indien daar egter met kleiner belangegroepe gewerk word, kan dit baie suksesvol wees aangesien die bemagtigingskomponent steeds figureer.

## 6. Slot

In hierdie artikel is aandag geskenk aan die belangrikheid van deelnemende aksienavorsing as 'n metode vir bemagtiging in die welsynsveld. Daar is aangetoon dat hierdie metode baie effektief benut kan word om mense betrokke te kry by hulle eie ontwikkeling. Aandag is ook geskenk aan die onderliggende waardes wat so 'n belangrike deel vorm van die onderliggende filosofie van deelnemende aksienavorsing. Die waardes van bemagtiging, ondersteunende verhoudings, maatskaplike verandering en leer as 'n voortdurende proses is kortliks bespreek.

Die eienskappe van deelnemende aksienavorsing is aan die hand van 'n vergelyking tussen die dienslewering in drie plattelandse gemeenskappe in die Vrystaat gedoen. Daar kon aangetoon word dat volle deelname aan proses van ontwikkeling lei tot die realisering van die onderliggende waardes van hierdie tipe navorsing. In werklikheid word deelnemende aksienavorsing 'n intervensiestrategie en dit is nie net 'n navorsingsmetode nie. Die benutting van hierdie navorsingsmetode het dan ook daartoe gelei dat die gemeenskappe makliker eienaarskap van hulle probleme sowel as die strategieë om dit te hanteer, kon neem. Die kanse op volhoubare projekte word dus aansienlik verhoog.

Laastens is daar gekyk na die proses wat gevolg kan word ten einde deelnemende aksienavorsing te benut in die praktyk van gemeenskapsontwikkeling.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat deelnemende aksienavorsing as 'n ontwikkelingstrategie benut kan word in gemeenskappe aangesien dit oor 'n baie sterk bemagtigingskomponent beskik. Die gemeenskap kry die geleentheid om uit hulle eie foute te leer, hulle selfvertroue ontwikkel en hulle word bevry van gevoelens van moe-

deloosheid en depressie wat deur moeilike omstandighede veroorsaak word. 'n Proses word gefasiliteer waardeur nuwe positiewe ervarings geskep word, wat lei tot die ontwikkeling van die individu, die groep en die gemeenskap. Hierdie benadering sluit nou aan by die huidige welsynsbeleid wat gebaseer is op die *Witskrif vir Maatskaplike Welsyn* (1997).

## Bibliografie


AFRICAN NATIONAL CONGRESS (ANC)
1994. *The reconstruction and development programme*. Cape Town: ABC book printers.

BARTUNEK J M
1993. Scholarly dialogues and participatory action research. *Human Relations* 46: 1221-33.

BRAIMOH D
1995. Integrating women into rural development in Africa by participatory research. *Development Southern Africa* 12(1): 127-33.

BURKEY S
1998. *People first. A guide to self-reliant participatory rural development*. London: Zed Books.

COMPTON B R & B GALAWAY
1989. *Social work processes*. Belmont: Wadsworth.

DENZIN N K & Y S LINCOLN (eds)
1994. *Handbook of qualitative research*. Thousand Oaks, Calif: Sage.

DEPARTMENT OF WELFARE, RSA
1996. *Draft white paper for social welfare: principles, guidelines, recommendations, proposed policies and programmes*. October. Pretoria: Government Printers.

DE VOS A S (ed)
1998. *Research at grass roots: a primer for caring professionals*. Pretoria: Van Schaik.

DE VOS A S, E M SCHURINK & H STRYDOM
1998. The nature of research in the caring professions. De Vos (ed) 1998: 3-22.

GREENWOOD D J, W F WHYTE & I HARKAVY
1993. Participatory action research as a process and as a goal. *Human Relations* 46: 175-92.

HARVEY A R & J B RAUCH
1997. A comprehensive afrocentric rites of passage program for black male adolescents. *Health and Social Work* 22(1): 30-7.

JEHONG H
1995. Alternative development strategies and regeneration of social space for human development. *Peace and Change* 20(3): 329-48.

KOTZE D A & P M J KOTZE
1996. What is wrong in development? *In Focus Forum* 4(1): 4-8.

LE GRANGE L
2001. Challenges for participatory action research and indigenous knowledge in Africa. *Acta Academica* 33(3): 136-50.

MABUSELA S
1999. *Poverty as a human rights issue. Report — consultative meeting: dialogue on developmental social welfare services for Southern Africa, 19-21 October 1998*. Pretoria: Department of Welfare.

MALAN C
1996. The role of culture in community development. *In Focus Forum* 4(1): 46-7.

MINISTERIE VIR WELSYN EN BEVOLKINGSONTWIKKELING, RSA
1997. *Witskrif vir maatskaplike welsyn. Nr 1108*. Staatskoerant: 18166, Augustus 8. Pretoria: Staatsdrukker.

MULENGA D (ed)
1994. *The participatory research reader*. Pretoria: Human Sciences Research Council.

NELSON G, J OCHOCKA, K GRIFFEN & J LORD
1998. 'Nothing about me, without me': participatory action research with self-help/mutual aid organizations for psychiatric consumers / survivors. *American Journal of Community Psychology* 26(6): 881-912.

PATHER J
1997. Learning from, with and by the people. *In Focus Forum* (4)4: 67-71.

PAULE M
1999. Issues in teaching participatory action research. *Journal of Social Work Education* 35(1): 51-63.

PAYNE M
1991. *Modern social work theory: a critical introduction*. London: Macmillan.

RAHMAN M A
1993. *People's self-development: perspectives on participatory action research*. London: Zed.

REASON P
1994. Three approaches to participative inquiry. Denzin & Lincoln (eds) 1994: 324-39.

ROTHMAN J & E J THOMAS
1994. *Intervention research: design and development human service*. New York: Haworth.

ROTHMUND G H
1997. *Life skills education: programme manual for youth and parents*. Bloemfontein: Department of Social Welfare.

SCHIELE J H
1996. Afrocentricity: an emerging paradigm in social work practice. *Social Work* 41(3): 284-94.

SCHURINK E M
1998a. Participatory action research as a tool for sustainable social development and reconstruction. De Vos (ed) 1998: 405-18.

1998b. Participatory action research: tool for sustainable development. *In Focus Forum* 6(3): 9-14.

SHAW L & N GOULD (eds)
2001. *Qualitative research in social work*. London: Sage.

SHERMAN E & W J REID
1994. *Qualitative research in social work*. New York: Columbia University Press.

STRYDOM H
1996. Deelnemende waarneming as prosedure in maatskaplikewerk-navorsing. *Social Work / Maatskaplike Werk* 32(2): 123-36.

SWIGONSKI M E
1996. Challenging privilege through afrocentric social work practice. *Social Work* 41(2): 153-61.

VAN ROOYEN C A J & M M A GRAY
1995. Participatory research and its compatibility to social work. *The Social Work Practitioner – Researcher* 8(2): 87-92.

VAN VLAENDEREN H & G NKWINTI
1993. Participatory research as a tool for community development. *Development Southern Africa* 10(2): 211-28.

WETMORE S B & F THERON
1998. Community development and research: participatory learning and action — a development strategy in itself. *Development Southern Africa* 15(1): 29-54.

WEYERS M L
2001. *The theory and practice of community work: a South African perspective*. Potchefstroom: Keurkopie.